



## THATCHERS ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA DEKKERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Nuusbrief 2/2020

### NUUSBRIEF

Geagte lid

#### Onetiese gebruik van DVSA lede se fotos deur ander kontrakteurs

Daar word gevind dat van die „opkomende“ kontrakteurs DVSA lede se fotos vanaf die Internet aflaaï en op hul eie webtuistes plaas deur voor te gee dat dit hul eie werk is. Sodra hierdie webtuistes gevind word, word 'n waarskuwing aan die kontrakteur gestuur tesame met die DVSA se „A Guide to Thatch Construction in South Africa“ asook „Pros & Cons in the Thatching Industry“ om hul bewus te maak van die spesifikasie vereistes asook ander waardevolle inligting. Hierdie informele sektor kan nie gestop word nie, maar ons kan om ons Bedryf te beveilig, kennis deurgee om die standaard van dakke te verbeter.

Die DVSA se webmeester is versoek om te kyk of 'n manier gevind kan word van hoe die fotos wat op ons webtuiste is, beveilig kan word sodat dit nie vandaar gekopieër kan word nie. Maar net om op Google se „images“ in te tik „thatch roofs“ kan letterlik honderde fotos van grasdakke afgetrek word wat fotos van ons lede ook insluit. Ons lede se eie webtuistes en Facebook bladsye is ook 'n ander bron vanwaar fotos verkry kan word.

#### Waarskuwings soos hierdie word op ons Facebook bladsy gepubliseer.

##### “A SERIOUS WARNING TO PROSPECTIVE CLIENTS

There are contractors who illegally use the TASA members' photos of thatched roofs and then pretend it's their own work.

Members of the public must please make sure that the contractor they want to use is capable of delivering the work that they claim by using the misleading photos.

Huge damage is suffered by homeowners by using contractors who do not meet specification requirements and as a result, insurance claims are not paid out and construction problems arise.

All thatched roofs must comply with the SANS 10407 (Thatched Roof Construction) Specification and the other parts of the National Building Regulations SANS 10400.

##### THE CHEAPER THE QUOTATION THE GREATER IS THE FINANCIAL RISK”

#### Sommige Versekerers dring aan op 'n ekstra bolaag as die grasdak nie ten minste 175 mm dik is nie

Veral dakke wat dikwels op die verkeerde manier gediens word, voldoen nie aan die vorige vereiste van 175 mm nie. (Verwys na „A Guide to Thatch Construction in South Africa“ bladsy 70 tot 73.) Daarom dat sommige Versekerers nou begin aandring op 'n ekstra bolaag om veral waterskade te voorkom. Hieronder is net weer die uiteensetting vir u aandag.

The required thickness (D(m)) to comply with SANS 10400- XA is therefore:

DESCRIPTION	Climatic Zone 1	Climatic Zone 2	Climatic Zone 3	Climatic Zone 4	Climatic Zone 5	Climatic Zone 6
Minimum required R-Value (m <sup>2</sup> .K/W)	3.7	3.2	2.7	3.7	2.7	3.5
Minimum required thickness for thatched roofs (mm)	207	179	151	207	151	196
Direction of heat flow	up	up	up & down	up	down	up

$$D(m) = R(m^2.K/W) \times k(W/(m.K))$$

Die tabelle en kaart van die verskillende zones is te vind in die DVSA se „A Guide to Thatch Construction in South Africa“ vanaf bladsy 93 tot 95 wat gratis van ons webtuiste afgelaai kan word deur op die foto van die buiteblad daarvan te klik.

### **Volgende Algemene Jaarvergadering**

Die datum van ons 2020 Algemene Jaarvergadering is nog nie vasgestel nie omdat baie regeringinstellings, skole ens. gesluit is a.g.v. die Coronavirus probleem. Sodra meer besonderhede bekend is, sal voorgestelde datums na ons lede gestuur word sodat aangedui kan word watter datum die geskikste sal wees.

Om dit moontlik te maak vir soveel as moontlik lede om dit by te woon sonder om van publieke vervoer gebruik te maak, sal die vergadering moontlik weer in die Pretoria omgewing gehou word.

### **Hernuwing van lidmaatskap van die DVSA**

Ons het groot waardering vir dié lede wat reeds hul lidmaatskap vir die 2020 finansiële jaar hernu het. Die baie moeilike omstandighede in ons land wat vererger word deur die Coronavirus probleem het tot gevolg dat daar van ons lede is wat nie die jaarlikse ledegeld eenmalig kan betaal nie. Ons wil graag dié lede wat wel hul lidmaatskap in stand wil hou, vriendelik versoek om dit in maandelikse paaiemente af te betaal.

Ons maak graag hierdie vergunning om te verhoed dat ekstra koste aangegaan moet word om ‘n inspeksieverslag van SATAS te bekom wanneer weer aansoek vir lidmaatskap gedoen word.

### **Bepalings van die DVSA Grondwet is soos volg:**

“10.5.2.7 SATAS (South African Technical Auditing Services) will do physical inspections of roofs of new applicants as well as members whose membership was cancelled. Membership will only be confirmed after SATAS’ approval is received.

#### **10.5.3 Membership fees for existing full members**

Invoices must be sent two (2) months before the due date, after which a fourteen (14) calendar day grace period will be granted for payment.

A letter of demand shall accompany the notice after the member failed to renew his membership before or on the due date.

Should membership fees still be outstanding after the expiration of the fourteen (14) calendar day grace period, the member’s membership will immediately be cancelled without further notice to him/her. A letter of confirmation of the cancellation of a member’s membership will also be send via registered post.

#### **10.5.4 Renewal of full membership after cancellation**

In the event that the member wishes to renew his/her/its membership after cancellation thereof, as mentioned in paragraph 10.3.2.6 above, an administration fee of 20% (twenty percent) of the current membership fee will be payable upon renewal.”

Vriendelike groete



André Friis

**NASIONALE VOORSITTER**

Dekkersvereniging van Suid-Afrika  
Privaatsak X 1015  
LYTTELTON 0140

Faks 086 6409 151  
Selfoon 083 283 8429  
Epos adres [admin@sa-thatchers.co.za](mailto:admin@sa-thatchers.co.za)  
Webtuiste [www.sa-thatchers.co.za](http://www.sa-thatchers.co.za)